PREEK 1 MATTEUS 26:47-56

Lees: Matt. 26: 47-56 (Ouer Vertaling '33/ '53)
Teks: Vers 50, asook Rom.14:23b en Gal.5: 1,13a

Hoofboodskap: Jou keuse behoort altyd 'n geloofsantwoord te wees wat gegrond is op jou lewenslange verbintenis aan Christus! (Dissipelskap1)

1. Jou doop en geloofsbelydenis
2. Jou verantwoordelike lewe voor God
3. Jou Christelike geloof

Geliefde gemeente ... br's en sr's ...vriende....

Baie vrae word elke dag aan ons gestel ..... soms belangrike vrae wat 'n groot invloed op ons lewe kan hê!
En in diè vrae is daar woorde waaroor ons mooi moet dink!

Verder word daar ook baie eise aan ons gestel ... in die gesin .. by die werk ... in die skool ... in die gemeenskap!
Almal vra jou aandag, opoffering, tyd, energie en geld!

Is daar onder almal wat vrae aan jou stel, wie se woorde ons hoor en wat jou vir hulle opeis – **iemand** wie se woorde en eise vir jou die belangrikste is?

Br en sr As jy 'n Christen is, behoort die vrae en eise wat **God** deur Sy Woord en Gees aan jou stel, vir jou die belangrikste te wees!

Natuurlik is die aller-belangrikste vraag wat God aan jou stel, die vraag: Wie is Jesus Christus?
En die antwoord daarop, is deel van jou doopsbelofte en geloofsbelydenis!

Maar, na ons geantwoord het dat die Jesus – van wie ons in die Bybel hoor – die Seun van God is, en dat Hy ons enigste Verlosser en Saligmaker is – **moet** die res van ons lewe 'n antwoord wees wat verband hou met Hom in wie ons glo!
Ons antwoord is dus 'n geloofsantwoord in 'n lewenslange verbintenis en navolging van Jesus Christus - opregte, innige en ware dissipelskap !

Ja, bo alles en voor alles, moet ons dus eers antwoord op God se Woord.
Alle ander antwoorde en optrede, moet dan bepaal word uit ons lewenslange en lewende geloofsverhouding met die Drie-Enige-God!

Br en sr – As ons antwoord op God se vraag – op Sy Woord – verkeerd is, sal al ons ander antwoorde en optrede, ook verkeerd wees!
En so sal ons die doel mis waarvoor God ons geskape en bestem het!

Teenoor God moet ons dus eers in die geloof antwoord ... **daarna** kan ons verder in ons lewe, in opregtheid, in waarheid en in liefde, **antwoord** op die Woord van God - asook op die woorde en eise van ons medemens!

Ja eers dan kan jy jou verantwoord ... **eers** teenoor God, en vanuit jou verhouding met God - **ook** teenoor jou medemens!

Geliefdes – Ons is geroep om ons voortdurend voor God en voor ons mede mens te verantwoord!

Soos ons dit duidelik in **Gal. 5** gehoor het : **In** Christus is ons vrygemaak ... ja, geroep tot vryheid ...

- **ons** is 'n skepsel van God ... in Christus ook herskep ... die kroon van God se skepping ... weinig minder as 'n goddelike wese ... 'n mens met bepaalde Godgegewe regte ....
  - **maar** dit is 'n vryheid met verantwoordelikheid !

Vryheid en verantwoordelikheid, moet soos twee karperde altyd saamloop ... as die een losraak, loop alles skeef en jy ontspoor!

Vryheid en verantwoordelikheid is soos die twee kante van 'n geldstuk ... die een kan nie sonder die ander nie ... hulle is onlosmaaklik aan mekaar verbind!

Dit bring ons by die keuses wat jy in jou lewe op al die vrae en eise moet maak.

Wat laat jou kies wat jy kies?

Wat bepaal die doel wat jy nastreef ?

Br en sr – As jy bely dat jy 'n christen is, **kan** jy voor alles jou nie losmaak van jou christelike geloof nie ... **en** natuurlik sal die feit dat jy "gereformeerd" is, ook nog bepaalde rol speel in die keuse wat jy gaan maak.

Ons hoor dikwels dat na hierdie voorveronderstelling in meer moderne Afrikaans, verwys word as - 'n verwysingsraamwerk.... 'n denkraamwerk... of 'n paradigma.

Feit bly dat christene in die algemeen volgens heirdie voor-veronderstelling, gewoonlik oor algemene sake dieselfde keuse sal maak, ***maar*** oor bepaalde sake sal selfs christene met mekaar verskil!

Die punt is dat ons as christene – en nog meer bepaald as "gereformeerdes" – ons nooit van ons voorverondestelling kan losmaak nie!

As jou doopsbelofte of geloof in die Drie-Enige-God, dan jou voorverondesteling by 'n bepaalde keuse is, **is** dit reg en goed – ***maar*** dan moet ons ook bewus daarvan wees dat daar ook ander dinge is wat ons keuse kan beïnvloed en wat selfs vir ons gevaarlik kan wees!

Br's en sr's - vriende – 'n Christen-gelowige, lewe nie eenkant van hierdie sondige werklikheid, in 'n lugleegte nie!

Néé jou opvoeding, jou kultuur, jou persoonlikheid, jou posisie, jou situasie, jou ideale, jou politiek, jou gesindheid, jou motiewe ... **en** nog baie ander dinge – **vorm** die raamwerk van jou voorveronderstelling en bepaal uiteindilik jou keuse!

Juis hierin moet ons onthou wat in **Rom: 14:23** staan: Enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde!

Die punt waaraan ons dus moet vashou, is die vraag: **Hoe** belangrik is my "christen-wees" werklik vir my?

Is ek 'n ware disippel van Christus – 'n ware christen – wat ten alle tye – vanuit my disippelskap, dink, praat en optree?

M.a.w is ek opreg in my christenskap, en is my keuse altyd verant-woordbaar en in lyn met my verhouding met die Drie- Enige-God?

Of dink jy nie dat jy wat nog maar net gedoop is ... of ons wat reeds bely het dat ons christene is, en wat reeds belydende lidmate van die Kerk van die Here is – **sulke** vrae behoort te beantwoord nie?

Luister dan maar net weer na die vraag wat Jesus hier in **Mt. 26:50** vir Judas vra: "Vriend waarvoor is jy hier?"

Miskien 'n moelike vraag om in hierdie besondere situasie te verstaan .. dit is selfs moelik om uit Grieks reg te vertaal!

Daarom staan daar in die 1983 Vertaling: "Vriend, doen wat jy gekom het om te doen!"

Maar in hierdie vraag – br en sr – lê daar meer opgesluit as net die woorde wat daar staan!

Jesus sê hiermee aan Judas: **Jy** is een van die twaalf ... een van ons ... ***maar*** wys nou vir almal jou ware gesindheid ... wie jy werklik is ... en doen dit gou!

Br's, sr's, kinders – Die Here in wie se naam ons gedoop is en in wie ons glo, vra vandag vir elkeen van ons: **Vriend / vriendin** , waarvoor is jy hier? Wat is jou doel ?

AMEN

PREEK 2 MATTEUS 26:47-56

Lees: Matt. 26: 47-56 (Ouer Vertaling '53)

Teks: Vers 50

Hoofgedagte: Geroep tot volgeling en dienskneg van Christus ! Hoe volg en dien jy Hom?

1. Geroep deur God
 1.1. Judas, die geroepe disippel.
 1.2. Jy, die geroepe disippel.

2. Geroep om te volg.
 2.1. Judas, die volgeling van Christus.
 2.2. Jy, die volgeling van Christus.

3. Geroep om te dien.
 3.1. Judas, die dienskneg van Christus.
 3.2. Jy, die dienskneg van Christus.

Kom ons probeer in die 2e preek die vraag waarmee die eerste preek geëindig het, ***reg*** te verstaan aan die hand van die genoemde drie punte ... **en** antwoord dan elkeen in sy/haar binneste voor God, eerlik daarop!

(1. Deur God geroep)

Eerstens , moet ons weet dat God sondaarmense – ooreenkomstig Sy vrye wil – na Hom toe terugroep.

So was ook Judas deur God geroep.
 Ja – so staan dit hier in **vers 47** – Judas was een van die twaalf ... een van Jesus se dissipels !

(1.1 Judas, die geroep dispel)

Br en sr – **Kort** nadat die Seun van God met Sy werk hier op aarde begin het, hoor ons dat Hy uitgesoekte mense na Hom toe roep.
 Ja, Hy roep: **Kom** hier... kom saam met My!
 Ons hoor dit o.a in **Mat. 4:18-25** en dan weer in **Hfst.9:9-13.**

So roep God die sondaar tot bekering ...
 So roep Hy mense uit die duisternis van die sonde, **na** die ewige en ware lig!

En soos die ander 11 disippels, het Judas ook 'n geroepe disippel geword !

(1.2 Jy, die geroepe disippels)

Br's..., sr's... , kinders As jy in die naam van die Drie-Enige-God gedoop is, **of** reeds self jou geloof in Hom bely het - **glo** jou ouers of jyself dat jy 'n geroepe disippel van Christus is.

Ja, jy kan verseker weet - deur jou verbintenis met God - is ook jy 'n geroepe dissipel van Jesus Christus!

In **Rom.8:28-30** verseker God ons hiervan: "**Ons** weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens Sy besluit geroep is. Die wat Hy lank tevore verkies het, het ook bestem om gelykvornig te wees aan die beeld van Sy Seun, sodat Sy Seun baie broers (en susters) kan hê van wie Hy die eerste is. Die wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En die wat Hy geroep het Hy ook vrygespreek. En die wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik."

En so het God jou – in beginsel -oorgebring vanuit die mag van die sonde, die ewige dood en die duiwel – **om** in te gaan onder Sy ewige Koningsheerskappy!

Maar, roeping hou meer as dit in!

(2. Geroep om te volg)

In onder andere **Matt. 4:19 en 9:9**, roep Jesus en sê: **Kom** agter My aan ... volg My!

(2.1 Judas, die volgeling van Christus)

So het Judas ook 'n volgeling van Christus geword!

Br en sr – Wanneer God roep - dan moet daar reaksie kom!
By die roeping van die eerste disippels, hoor ons: **Hulle** het dadelik sonder uitstel hulle ou tradisionele leefwyse en soms self hulle familie, agtergelaat en vir Jesus gevolg ! (Mt.8:18ev)

In Mat.16:24-27 hoor ons ook die eis van disippelskap:
* LEES **Matt.16:24-26** *

Ja om 'n ware volgeling – 'n christen - te wees, eis van jou selfverloëning en 'n oorgawe aan Jesus Christus.
Luister maar net wat staan in Mt.19:16-30:
** **LEES Mt.19:16-30****

Geliefdes – SELFVERLOËING EN OORGAWE, IS OM LEEG VAN JOUSELF TE WORD, EN DAN VOL TE WORD VAN Hom in wie se naam jy gedoop is, of wat jy reeds aanvaar het as jou enigste Verlosser en Saligmaker!
Dit is om in die geloof deur die Gees èèn te word met Jesus Christus!
Dit is om waarlik te deel in Sy lyding, sterwe, opstanding en verheerliking!

Hoor hoe beskryf Jesus dit self in **Joh.12:24-26:** "**Dit** verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een, maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in.
Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit, en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. As iemand My wil dien, moet hy My volg, en waar Ek is daar sal My dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer."

Ook in die **Openbaringsbrief – Openb, 14:4** – hoor ons van hierdie intieme band met die gekruisigde maar ook verheerlikte Christus – selfs tot in die lewe hierna!

(2.2 Jy, die volgeling van Jesus Christus)

Geliefdes – As jy antwoord op die Here se roepstem, word jy 'n volgeling van Christus – **ja**, deur jou wedergeboorte en geloof in Christus, word jy 'n christen!

Nou moet jy ook lewe volgens die eis van jou christenskap!

Jou christenskap – d.w.s dat jy deur jou wedergeboorte en geloof nou deelhet aan alles wat Christus vir jou gedoen het – moet nou die alles-bepalende en alles-oorheersende in jou lewe wees!

(3. Geroep om te dien)

Maar om vir Christus te volg, hou meer in as net 'n intieme en geestelik verbondenheid met Christus!

'n Disippel van Christus is ook 'n dienskneg !
Jesus roep die mense wat Hom volg, ***ook*** om te dien!

In **Mt.4:19** hoor ons dat Jesus sê dat Hy van Sy disippels "vissers van mense sal maak"!

In **Mt.10** hoor ons nog meer hiervan: **Jesus** stuur Sy disippels uit na verlore mense, met die opdrag: **Verkonding** die blye boodskap, nl. dat die Koningskap van God in Christus na die hierdie sondige wêreld deurgebreek het!

Maar bo alles en voor alles – **so** hoor ons dit in Christus se opsomming van die Wet in Mt.22 (73 ev.) – **moet** 'n disippel van Christus, vir God met sy hele hart, sy hele siel en met sy hele verstand liefhê en dien! Dit is die wese van jou aanbidding ... jou erediens aan God!

En daaruit voortvloeinde, moet die christen ook sy medemens – selfs sy vyand – liefhê en dien!

Dit is jou geloofsgemeenskap met jou medegelowige **en** jou dienswerk in die algemeen !

So het Jesus ook vir Judas geroep om te dien!

(3.2 Jy, die dienskneg van christus)

En so het God ook vir jou tot diens geroep!
Ja, ons is nie net volgelinge van Christus nie, **maar** ook diensknegte!

En nou kyk ons vir 'n oomblik eers terug na die lewe van Judas – een van die twaalf - ***maar*** dan ook na elkeen van ons wat gedoop is of wat bely dat hy/sy 'n christen is!
En ons doen dit in die lig van Christus se vraag: Vriend, waarvoor is jy hier? Wat is jou doel ?

Kom ons kyk dan korteliks hoe lyk **Judas** se lewe as 'n disippel van Christus:

In **Matt. 10** hoor ons dat Jesus sy twaalf disippels nader roep om aan hulle opdragte te gee en uit te stuur.

Onder die name word ook genoem: Judas Iskariot.... met die byvoeging: "wat vir Jesus verraai het. (Luk.6:16).

In **Johannes 12** word weer verwys na Judas Iskariot, weer met die byvoeging: "die een wat Hom (Jesus) sou veraai."
Hier word ook genoem dat Judas die een was wat die geldbeursie gedra het.
Judas word ook hier as 'n dief beskyf omdat hy beswaar gemaak het dat 'n vrou duur reukolie wat ongeveer 300 silwer muntstukke werd was (R60) gemors het deur dit op Jesus se voete uit te gooi. **Sy** het daarmee vooruit gegryp na Sy begrafnis wat kort daarna 'n werklikheid sou wees.
***Maar* Judas** sê dit kon eerder verkoop geword het waarna die geld vir die armes gegee kon word. Intussen was sy motief eintlik om dit vir homself te vat!

In **Johannes 13:18-30** wys Jesus – voor die verraad – sonder dat die ander elf disippels dit besef, vir **Judas** as die verraaier uit.
Nadat Jesus vir **Judas** uitgewys het, **staan** hier ook dat die satan in Judas gevaar het! Al was dit in die nag, het Judas hierna weg van hulle af gegaan!

Dan hoor ons in **Mt.26 – vanaf vers 14** – dat **Judas** werklik besig is met planne om vir Jesus te verraai.
Hier kom die ware gesindheid van hom navore. **Hy** vra vir die vyande van Jesus wat besig wasbom Sy dood te beplan: "**Wat** sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?."
Waarop hulle toe ooreenkom om aan 30 silwermuntstukke te betaal (R6)!

Uiteindelik breek die oomblik aan toe Judas op hierdie skaamtelsose en skandelike manier, vir Jesus verraai het.

Doodluiters asof niks gaan gebeur nie, kom hy saam 'n groep gewapende mans tot by Jesus en groet Hom: " ***Goeie*** môre Rabbi" en soen Hom soos dit destyds die gebruik was en soos wat hy dit gewoonlik gedoen het!

In werklikheid was dit die vooraf afgespreekte teken vir Jesus se vyande om Hom te vang!

En dan hoor ons 'n tydjie later – **in Mt.27**(:3-10) – dat Judas, nadat hy gehoor het dat hulle vir Jesus tot die dood veroordeel het, ***spyt*** gekry het oor wat hy gedoen het.

Hy het die geld gaan teruggee en vir hulle gesê: ***Ek*** het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verraai. ***Maar*** hulle antwoord: "Wat het ons daarmee te doen. Dit is jou saak.

Judas het toe die geld in die tempel ingegooi, weggeloop en homself gaan ophang!

Br's..., sr's..., kinders – Deur ons doop en belydenis, **is** elkeen van ons op 'n besondere manier aan God verbind.

Of ons ouers of onsself, het op die Here se roepstem geantwoord.

Die Here het geroep: ***Kom*** hier...kom saam met My! ***Daarmee*** saam het Hy ook vir ons gesê: Gaan uit!

En ons het deur God se genade en deur die werking van Sy Gees, deel geword van 'n doelbewuste keuse of self 'n keuse gemaak om Hom te volg en te dien!

Verder is ons vanoggend weer herinner aan wat **Judas** gedoen het, en wat met hom gebeur het.

En nou kan ons miskien baie maklik en gou sê dat **Judas** darem duidelik verkeerde keuses gemaak het en dat hy nie getrou was aan sy antwoord om vir Jesus te volg en te dien nie! **Ja-nee** – sou ons kon sê - hy was duidelik 'n ontroue disippel!

Geliefde gemeente... vriende – **Die** Here vra vanoggend **aan** elkeen van ons die vraag: **Vriend,** waarvoor is jy hier? **Wat** is jou doel ?

Kom ons stel dit in ons situasie, so 'n bietjie anders**:** ***My*** broeder.., my suster... my vriend... **jy** het vanoggend na hierdie erediens gekom om die Here te ontmoet...

Was dit en is dit 'n keuse volgens jou suiwere geloofsoortuiging... **of** is daar by jou ook bymotiewe wat jou verhinder om met volle oorgawe vir Christus te volg en te dien..... ?

Br en sr – omdat die sonde ons nog aankleef, en ons nog in hierdie sondige wêreld leef, **dra** elkeen van ons 'n stuk bagasie saam met ons - ***sondige*** denke, gesindhede en gewoontes - ***wat*** telkemale ons verhinder om ware volgelinge en diensknegte van Christus te wees!

As ons daarin vasgeval het om oor en oor, dag in dag uit, jaar vir jaar ***- nog*** vir Christus met hierdie sondige denke, gesindhede en gewoontes***, of*** met allerhande bymotiewe, **te** volg en te dien, **is** ons in werklikheid niks beter af as Judas Iskariot nie!

Mag God ons barmhartig wees... **mag** Hy ons genadig wees, en ter wille van Christus – **in** wie se Naam ons gedoop is, ***of*** in Wie ons opreg glo of wil glo ***- ons*** deur Sy Gees, bystaan en help...

- sodat ons meer en meer elke oomblik opreg en suiwer volgens ons geloofsoortuiging kan lewe... ***in*** ons dissipelsskap kan groei in die geloof, en meer volwasse in ons geloof kan word...
  - -- sodat ons meer en meer die regte keuses in ons lewe sal maak...
    - sodat ons nog meer getrou Hom kan volg en dien... ware dissipels kan wees !

En mag ons getrouheid aan God, ons ook daartoe bring om as ware dissipels meer en meer in waarheid, liefde en opregtheid teenoor mekaar, teenoor ons medemens – en selfs teenoor ons vyande te lewe!

AMEN